




## SAWA RIETVALLEI

Silver Rocks 13-15 September 2019



### RIETVALLEI KAMP BY SILVER ROCKS, SEPTEMBER 2019

Miskien moes mens eerder iets sê soos dat verteenwoordigers van die Rietvallei Streek by Silver Rocks gekamp het. Drie waens het opgedaag vir die Seniorskamp en nog 3 waens het by ons aangesluit vir die naweekkamp. Hierdie kamp het waarskynlik die laagste kampsyfers vir 2019 opgelewer. Ses waens verteenwoordig sowat 11% van Rietvalleistreek. Tog, hierdie lae bywoning het tot gevolg gehad dat interkasie tussen kampeers baie hoër was as wat by kampe met beter bygewoning ondervind word. Gelukkig het Kiepersol kom hand-by-sit en toe word dit sommer 9 SAWA waens in die oord.

Die pad vanaf die R101 (Nyl zyn Oog afdraai) na Silver Rocks is 'n grondpad en glad nie aan te beveel vir laag-vlieg of selfs vinnig-kruie tempo's nie. Tensy dit besonders belangrik geword om al die skarniere en deurknippies in jou wa te toets, is dit raadsaam om teen 'n rustige tempo te ry en die wêreld maar deur te kyk so oppad na die oord toe. Gelukkig het Fanie Marx dit oor sy hart kon kry om Woensdag die pad van die R101 te skraap. Dit het 'n beduidende verbetering in padoppervlakte en rygerief teweeg gebring. Fanie verdien 'n gróóte "Baie Dankie"!

Die wêreld om Silver rocks is droog op die oomblik. Dit is nog 'n bietjie vroeg vir lente reëns, maar die bome bot en sommige blom. Tydens die paar dae van die kamp was daar 'n merkbare toename in blare en in blomme. Gelukkig loop die rivier nog en gelukkig hoor mens die watervalletjies naby die kamp wat 'n rustige atmosfeer skep, veral as dit begin stil word. Die Rietvalleiers se waens het na aan die valletjies gestaan en Erna-van-Hans het kom vertel van die voetpaadjie by hul braaiplek verby wat jou by die valletjies bring. Die oord sprinkel die grasperke so elke dan en wan nat en daar is 'n groenerige skynsel as beloning.

Gerugte het kort voor die kamp aangewaaï gekom dat die oord baie agteruit gegaan het en dat sekuriteit nie meer na wense was nie. In vergelyking met Rietvallei se kuier in 2018, kon die skrywer nie die agteruitgang bemerk nie. Al die geriewe was beskikbaar en bruikbaar en selfs die swembad was skoon en blou en werkend; tot so 'n mate dat die agbare Rietvalleier vir 2018 die bad Woensdagmiddag bekruipe-gebruik het, tot groot vermaak van sy Annatjie. Sien, sommige van ons klomp het die durf om in so 'n "fris" bad te klim!

Daar is wel onderhoudstake in die oord wat dringend aandag nodig het, maar dit het nie dit ons kamperief belemmer het nie. Trouens, die onderste ablusieblok was toegemaak met seile (reeds 'n verbetering sedert Maart 2018); die seile het onlangs weggewaaï tydens 'n windstorm. Die bedekking sal binnekort vervang word en dan is die was-en-skeergeriewe daar onder, weer "buitenweer".

Rietvallei het besoek gehad van Koppisol en hul plaaslike agent. Drie waens het die naweek saam gekamp; eintlik in dieselfde oord gekamp en byeenkomste bygewoon, soos boekevat en saambraai. Willie Bronkhorst, SAWA sekretaris vir 2019-2020, was deel van hierdie groep, wat beteken dat Nasionale Dagbestuur verteenwoordig was by Rietvallei se kamp (Sal ons wat verbeel).

Asof daar nie genoeg Pieter's in streekbestuur is nie, het die Voorsprekers dit gerade geag om 2XJohan'ne by te voeg; net vir die interessantheid. Hulle is toe sommer ook ingewy met gesamentlike kampkommandant pligte. Johan-Suid het die seniorkamp en Johan-Noord het die naweekkamp hanteer. Die voordeel was dat dit in 'n spanboupoging ontaard het, met die hulp van die bedrewe Sekretaris-Pieter wat al die nodige dokumentasie verskaf het (Baie dankie Pieter). Tydens die kamp was Penningmeester-Tjaart "voor hande" om te keer dat die ou spul nie die spoor te ver byster raak nie. Dankie Tjaart!

Baie dankie vir die blikkieskos-bydraes. Onthou asseblief dat die insameling voort duur, volgens die besluit van die 2019 AJV.

Die sosiale hoogtepunt van die kamp was waarskynlik die saamvleisbraai Saterdagmiddag. Die Kiepersollers het kom mee doen. Gelukkig het die wind saans gaan lê. Soveel so dat die wimpel nie eens die kampeerders deur die nag kon wakker wapper nie. Vir bewyse van die "lekker-kuier", sien asseblief 'n paar van die foto's wat aangeplak is.

Dankie aan almal wat meegehelp het om die kamp moontlik te maak, ingesluit die kampeerders, maar veral ons hemelse Vader vir beskerming op pad en tydens die kamp. Ons is bevoorreg om só in die natuur te kon kamp.

*La Grange en Van Zyl gesinne.*





**CAMPING:**  
where you spend  
a small fortune,  
to live like  
a homeless person.